

4 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 90
Fokusgedeelte: Psalm 90:17

Ewigheidswaarde

In Psalm 90 staan die tydgebonde, brose mens voor die ewige God. Duisend jaar is vir Hom soos gister en soos 'n enkele wagbeurt in die nag. Ons, daarenteen, is maar mense van gister en vandag en miskien van môre. Soos gras wat afgesny word en verlep, so kort is ons lewe en so gou verby.

Maar dis nie al nie. Ons lewens is nie net kort nie, ons is ook sondaars. Ons staan dus nie maar net met ons kort lewetjies voor die ewige God nie, maar ook as skuldige sondaars. Tog word die ewige God hier aangeroep as "'n toevlug" (vers 1). By Hom is daar ontferming en genade. Ons mag selfs in gebed vra dat ons die dae in ons kort lewe reg sal gebruik (vers 12).

Dan eindig die Psalm met die bede dat ons werk deur die Here in stand gehou sal word. Deur die goedheid van die Here mág ons werk standhou. Deur sy ontferming mag ons weet dat ons wat maar net 'n rukkie hier op aarde is, tog werk doen wat ewigheidswaarde het.

Werke wat in die geloof gedoen word, is nie tevergeefs nie (1 Kor 15:58). Ja, dit het ewigheidsbetekenis. Dit volg ons wanneer ons in die Here sterwe (Op 14:13).

Sing: Psalm 90:1,2,9

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)